

Genade en vrede ...

*Wil julle lewe?
of
Wil julle sterwe?*



Genade en vrede ...

WIL JULLE LEWE OF WIL JULLE STERWE?

Liewe broer, liewe suster

Vandag vra die Here 'n baie eenvoudige reguit vraag vir jou en my:

Wil jy lewe ... of ... Wil jy sterwe?

Jy wat kind van die Here is ... wat kies jy?

Kies jy die lewe ... of ... Kies jy die dood?

Dis 'n kritiese vraag ... geliefde kinders van die Here:

Wil julle lewe ... of ... Wil julle sterwe?

DIE HERE BEPAAL WAT IN WÊRELDGESKIEDENIS GEBEUR!

Saam met Jeremia bevind ons ons omtrent in die jaar 588 voor Christus – dis dus so 2 500 jaar gelede:

- Israel bly nou al omtrent 700-800 jaar lank in die beloofde land.
- Dawid en sy nageslag is so 400-500 jaar lank koning van Juda.
- So die Here se kinders beleef nou al lank die Here se genade-sorg!

Maar so 8-9 jaar gelede het dinge baie sleg geword in die beloofde land:

- Want koning Nebukadneser het vir Juda aangeval.
- Hy het Juda se koning op daardie stadium saamgevat Babel toe.
- Hy het ook van die ander mense en die tempelskatte saamgevat Babel toe.
- Mens dink hier aan Daniël en sy vriende wat Babel toe is.

En toe stel Nebukadneser uiteindelik vir Sedekia as koning aan:

- Sedekia was wel uit Dawid se nageslag ...
- Hy hét dus koningsbloed gehad ...
- Maar eintlik moes hy nie die koning wees nie!
- Tog IS hy nou koning ...
- En hy is koning in 'n baie slegte tyd vir die Here se kinders!

Wanneer Sedekia 'n paar lank koning is, val Nebukadneser weer Jerusalem aan:

- Hierdie keer word Jerusalem beleër.
- Nebukadneser laat al sy soldate reg rondom Jerusalem bly.
- Die mense van Jerusalem is dus vasgevang in die stad – hulle kan nie in of uit by die stad nie.
- Dit maak die lewe vir die mense dan ... baie sleg ...

Dis hoekom Sedekia as koning dink:

Ek beter iets doen!

- Eers probeer hy terugbakei teen Nebukadneser.
- Hy gee vir sy manne wapens in die hand.
- Hy sê vir hulle: *Gaan baklei daar buite die stad teen Babel se mense!*

Maar dan doen Sedekia nog iets:

- Hy stuur manne na Jeremia toe ... na die Here se profeet toe.
- Hulle moet by Jeremia gaan hoor of die Here hulle nie sal help nie.
- Die Here kan mos wonderwerke doen?!
 - Hy het dan vir Israel uit Egipte verlos?
 - Hy het dan Israel deur die Rooi See laat trek?
 - Hy het dan sy volk deur die Jordaan in Kanaän laat intrek nie?
- Dis mos wie die Here is ... soos Psalm 136 dit stel:

Die Here wat magtige dade gedoen het, Hy alleen!

- So, Jeremia, gaan die Here dit nie weer doen en ons so red nie ... Nebukadneser laat wegtrek nie?!

Die Here se antwoord, geliefdes, is:

NEE!

Sedekia ...

- Ek gaan nie 'n wonderwerk doen nie.
- Ek gaan nie Nebukadneser laat wegtrek nie.
- Inteendeel ...

- Ek gaan julle wapens wegvat ...
- Ek gaan self – met MY krag en mag en woede - teen julle baklei ...
- Ek gaan elke mens en dier hier in die stad tref ... doodmaak ...
- Ek gaan jou as koning en jou manne aan Nebukadneser oorgee ...
- Jerusalem se mense gaan afgemaai word ... sonder enige genade!
- Sedekia, vir julle is daar net een pad vorentoe:

Nebukadneser gaan Jerusalem oorwin en afbrand!

Ons weet natuurlik hoekom die Here so sê, geliefdes:

- Want Israel het nou al vir baie jare hul eie pad gestap.
- Hulle het vir eeue die Here se genade-hand elke keer weggeslaan.
- Daarom is die ballingskap nou die enigste opsie!
- Die Here se kinders KAN nie meer in die beloofde land bly nie.
- Daarom bevestig die Here dit nou weer:

Ek is jou teenstander, Jerusalem ...

Ek gaan hulle straf ...

Ek gaan in die paleis 'n vuur aansteek ...

- Die Here se pad vorentoe met sy kinders, met Jerusalem, is vas!

Dis die eerste wat ons vanoggend moet raak-hoor, geliefdes:

Die Here bepaal hoe die wêreldgeskiedenis ontvou ... nié ons as mense nie!

- Sedekia kan self probeer om Nebukadneser te keer ...
- Sedekia kan hoop en bid so baie as wat hy wil dat die Here 'n wonderwerk sal doen ...
- Maar ... dit gaan nie gebeur nie ...
- Want ...

Die Here het klaar bepaal wat in SY wêreld gaan gebeur!

HY bepaal wat in die wêreldgeskiedenis gebeur!

Hierin lê daar vanoggend al klaar genade, geliefdes:

- Want dit sê vir ons dat niks *toevallig* gebeur nie.

- Jy en ek is nie maar net aan die toeval of die noodlot uitgelewer nie.
- Wat in jou en my lewe gebeur staan nie los van die Here nie.
- Die Here staan nie net op 'n afstand en kyk na wat hier aan die gang is nie.
- Née, die Here bepaal wat gebeur ...
- En die Here is nie maar iemand wat net volgens sy grille en giere optree nie.
- Née, Hy werk met 'n duidelik plan ... om ons en die wêreld te red.
- Dis hoekom Jesus op die beplande tyd mens geword het.
- Alles was reg, alles was reg uitgewerk ... toe Jesus gekom het!

Dis die genade-voorreg, geliefdes, waarmee ons mag leef:

Ons HERE bepaal wat in die wêreldgeskiedenis gebeur!

VAL IN BY DIE HERE EN LEWE ... ANDERS STERF JY!

Maar nou praat die Here nie net met Sedekia nie:

- Née, Jeremia moet ook met die volk, met die Here se eie kinders, gaan praat.
- Die Here wil naamlik self vir sy kinders iets baie spesifieks sê!

En die Here se woorde is dan diep ... diep ... genade-woorde, geliefdes:

So sê die Here:

Ek gee julle die keuse: wil julle lewe of wil julle sterwe?

Letterlik sê die Here:

- Ek is voortdurend besig om twee paaie voor julle aangesigte te gee.
- Elke oomblik in jou lewe kan jy een van twee paaie voor jou sien!
- Elke oomblik in jou lewe staan jy dus by 'n kruising in die pad.
- Elke oomblik in jou lewe moet jy kies:

Stap ek pad A ... of ... Stap ek pad B?

Jeremia sê so helder vir die mense in Jerusalem:

Julle het een van twee keuses:

Of julle bly in die stad ... of julle gee julleself oor aan die vyande buite die stad!

Ons moet duidelik sien dat daar nie drie of meer paaie is nie, geliefdes:

- Née, die Here wys net twee paaie:

Die pad van lewe ... of ... Die pad van dood.

- Moet dus nie jouself flous en dink daar is afdraaipaaie wat net anders lyk ... maar jou tog by dieselfde eindpunt gaan bring nie.
- Née , elke oomblik in my lewe gee die Here my NET twee paaie om te stap!

Dis tipies van die Here om so van twee paaie te praat, geliefdes:

- In die paradys was daar net een van twee paaie:

Los die boom van kennis van goed en kwaad se vrugte uit ... of eet dit.

Jy kan nie 'n bietjie van daardie boom eet nie.

Née, of jy eet van die boom se vrugte ... of jy eet nie.

- Jesus praat in sy bergrede net van twee paaie:

Die breë pad en die smal pad.

Die breë pad het 'n breë poort ... die smal pad 'n nou poort ...

Jy kan nie by albei poorte in 'n stad instap nie ...

Née ... of jy stap deur die breë poort of deur die nou poort!

- En wanneer Jesus self voor jou staan, is daar net twee paaie:

Of ek glo in Jesus ... of ... Ek glo nie in Jesus nie!

Voortdurend gee die Here NET TWEE OPSIES ... dis al!

En nou is die belangrike om raak te sien dat die Here die wêreldgeskiedenis in een rigting laat ontwikkel:

- Dis wat Juda juis in Jeremia se tyd moes besef:

Die Here is op dié pad wat Jerusalem verwoes gaan word.

- Ek kan dus die Here se pad stap ... aanvaar dat die stad verwoes gaan word.
- Of ... ek kan teen die Here se pad baklei ... stroomop wees ... probeer keer dat die stad verwoes gaan word.
- Maar ... daar is net een uitkoms moontlik:

Die stad gaan verwoes word ... want dis wat die Here sê!

Dis hoekom die Here dan ook duidelik sê:

Wie in hierdie stad bly, sal sterf

- Dis nie onseker nie.
- Dis nie iets waarmee jy kan dobbel nie.
- Bly jy in die stad ... gaan Nebukadneser dit inneem ... en dan sterf jy.

Stap jy dus jou eie pad ... dan sterf jy!

Maar as jy na die vyande oorloop ... dan sal jy lewe – sê die Here:

- Ja,
 - hoe vreemd dit ook al mag voel om jou aan die vyand oor te lewer ...
 - hoe jy pêle ook al vir jou sê: *Maar jy is dislojaal of 'n bangbroek ...* moenie in die stad bly nie ... stap uit ... gee jou oor aan die vyand ...
- Die Here se pad is immers dat Nebukadneser Jerusalem gaan verwoes.
- Sorg dat jy uit die stad kom ... dat jy by die wenners kom.

Ja, stap die Here se pad ... dan sal jy lewe!

- Nog meer ... jy gaan jou lewe as buit, as wenprys kry!

Geliefdes:

- Duidelik wys die Here dus twee paaie aan:

Gaan uit die stad uit ... of bly in die stad.

Stap die Here se pad ... of stap stroomop ... jou eie pad.

- Maar onthou:

Jou eie pad bring dood ... die Here se pad bring lewe ...!

Hierin lê die kritiese oproep dan tot jou en my, geliefdes, tot elke mens:

Val by die Here en sy pad in ... Moenie jou eie pad stap nie!

Natuurlik, geliefdes, moet mens hier nou ons Here Jesus raaksien:

- Want ons Here Jesus noem Homself ... *die WEG en die waarheid en die lewe!*
- En die Here Jesus gaan staan voor die mense en sê:

Kom na My toe ... jy wat uitgeput en oorlaai is ... en Ek sal jou rus gee!

- Daarom is die basiese keuse wat die Here hier stel uiteindelik ...

Glo in Jesus ... en jy het die ewige lewe ...

- Of ...

Wie nie in Jesus glo nie ...

wie aan die Seun ongehoorsaam is ...

wie sy eie pad wil stap ...

hy en sy sal die lewe nie sien nie ...

die straf van God bly op hulle!

Dis die keuse waarvoor die Here ons elke dag weer stel ... ook vandag, geliefdes:

Wil jy lewe ... of ... Wil jy sterwe?

Glo jy in Jesus ... of ... Is jy ongehoorsaam aan Jesus?

Dis die keuse, Michyla, wat jy vanoggend openlik bevestig:

Ek wil lewe!

Ek het die lewe gekies.

Ek glo in Jesus!

Geliefdes ... in sy liefde spoor die Here elkeen van ons vanoggend aan en sê:

Val tog in by die HERE ... en LEWE ... anders sterf jy!

LEWE IS MOONTLIK OMDAT KONING JESUS REGEER

Maar ... nou moet Jeremia ook nog met die koningshuis van Juda gaan praat ... met Dawid se huis ... Dawid se kinders ...

En wat moet hy vir hulle sê?

- Hy moet hulle oproep om sinvol as koning te regeer.
- Hulle moet hulle werk as koning goed doen, reg doen.

En wat beteken dit?

Hulle moet vir die weerlose mense sorg!

- Ja, dis die kernwerk van die koning:

Om vir weerlose mense te sorg.

- Jeremia sê:

Sorg dat daar elke dag reg geskied ...

- Elke oggend moet die koning vir die reg van die brose mense in die samelewing intree.
- Elke dag moet die koning die weeskinders en die arm mense versorg en oppas en beskerm.
- So moet die koning wys wie God is ... want die Here is die Here wat juis Israel wat niks werd was gevat en sy kinders gemaak het ... én hulle lek dag versorg en beskerm het.

- Maar Jeremia sê ook:

Red die mens wat beroof word uit die mag van die uitbouter

- Ja, die koning moet die mense wat op die punt staan om alles te verloor ... help ... soos die Here vir Dawid gehelp het teen die reus Goliat.
- Die koning moet die mens wat seergemaak word ... beskerm ... soos Dawid sy skape beskerm het toe die leeus en bere hulle aangeval het.
- Die koning moet mense wat voortdurend bang is vir ander mense ... veilig laat voel ... soos die Here Dawid beveilig het toe Saul agter hom aan was.

- Dis wat die koning moet doen ...

Mense wat weerloos en swak en broos en in die moeilikheid is ... HELP!

Hoekom?

- Want so kan mense wat sukkel om te leef ... tog leef.
- Ja, as die koning sorg dat reg geskied ... as die koning weerlose mense beskerm ... dan is daar vir hulle lewe ...

Daarom sê die Here ook:

- As die koning nie die swakkes oppas nie ... dan gaan die Here woedend wees.
- As die koning nie die weerloses beskerm nie ... dan kom die vuur, oordeel!

- Want die Here is die Here wat juis die swakkes en armes en broses versorg.
- Die Here is die Here wat juis wil dat mense en samelewings floreer, heel word en heel is ... vrede beleef.
- En as die koning nie daartoe bedra nie ... dan is hy nie werd om koning te wees nie ... en dan kan hy self ook maar sterf ... want dan bring hy net dood in die samelewing in!
- So beklemtoon die Here:

As jy as koning nie die Here se pad wil stap nie ... dan kom die dood!

Nou weet ons:

- Israel se konings ... en Juda se konings ... hulle het gekies om die doodspad te stap.
- Hulle het eerder hulself beskerm en opgepas en bevoordeel.
- Hulle het eerder die rykes en die sterkes aan hul kant gekry.
- Hulle het eerder mense misbruik sodat hulle mooier en groter huise kon kry.
- Ja, die Here se volk se konings het misluk!
- En daarom ... daarom het Juda self ook so die dood beleef ...

Sonder koning wat jou help om te bly leef, uit jy uitgelewer aan die dood!

Maar die hier waar ons weer die genade moet raaksien, geliefdes:

- Want daar is EEN Koning wat juis reg laat geskied.
- Daar is EEN Koning wat juis weerlose, swak mense help.
- Daar is EEN Koning wat self gesê het:

Ek kom nie vir dié wat gesond is nie, maar vir dié wat siek is.

- Daar is EEN Koning wat sy lewe kom gee het vir mense, goddelose mense ... toe hulle nog sondaars was.
- Daar is EEN Koning wat selfs mense wat in Hom glo, nie aan hul eie lot oorlaat nie, maar die Gees vir hulle gee sodat hulle die krag kan kry om nuut te leef.
- Daar is EEN Koning wat jou en my help en bly help ... al is ons ook hoe swak en broos en breekbaar ...

- Hierdie Koning is ... ons Here Jesus!
- En hierdie Koning ... gee ons as brose mense sy Gees!

Ja, omdat Koning Jesus

regeer en reg laat geskied ... weerlose mense help ...

daarom kan ons leef ... elkeen van ons wat in Hom glo ...

elkeen wat deur sy Gees kies om in sy voetspore te stap!

Geliefdes ... dis die aangrypende van die Here se genadewoord in Jeremia 21:

- Hy, die Here, bepaal wat in die wêreldgeskiedenis gebeur ...
- Loop jy op SY pad ... dan lewe jy ...
- En jy lewe ... omdat Koning Jesus regeer ... jou in staat stel om as brose mense te lewe ... die pad van die lewe te stap!

Hoe mooi sien ons dit nie, Michyla, vandag wanneer jy jou geloof bely nie:

- Die Here het jou by Pappa en Mamma in die huis gebruik – ‘n wonder soos jy dit self sien!
- Koning Jesus het jou in staat gestel en stel jou steeds in staat deur sy Gees om die pad van lewe te kies en te stap!
- En dis wat jy vandag net bevestig:

Ek wil lewe ...

Ek kies die pad van die lewe ...

Ek kies Jesus ... en ek lewe ...

- Mag jy ook, Michyla, by elke kruising in jou lewe, met elke keuse, steeds die lewe kies ...

Liewe broer en suster:

Mag jy en ek die lewe kies ... elke keer weer.

Die Here stel een vraag:

Wil jy lewe ... of ... Wil jy sterwe?

Kom ons sing Skrifberyming 1-3:1-3 ...